

Dissipelskap avonture - WEEKLIKSE GROEPSRITME

Sessie 5 van 10: Die legkaart ritme, wat is my unieke bydra?

I. Die fasiliteerder vir hierdie week vra die groep om die opening hardop saam te lees.



II. Nooi die groep om die volgende gebed elkeen hardop te bid (gee die keuse om te "skip"). Na die laaste persoon gebid het, gee die fasiliteerder vyf minute se stilte sodat lede hulle huidige verhoudings in konsentriese sirkels kan neerskryf.

*III. Nooi die groep om **slegs een** van die volgende vrae te beantwoord.*

IV. In hierdie deel van ons ontmoeting reflekteer ons op die oefening en ook die week wat verby is. As lede nie die oefening gedoen het nie, skep 'n bemoedigende maar tog uitnodigende atmosfeer.

I. OPENING

Tydens hierdie leerervaring vergader ons om saam te onderskei en eksperimenteer wat dit beteken om as missionale dissipels gevorm en gestuur te word. God roep, versamel, vorm en stuur ons om deel te neem aan die avonture van die koninkryk. Ons glo elkeen in die groep het iets om by te dra, en dat die Heilige Gees reeds besig is met elke persoon. Hierdie is 'n spasio om te treur saam met die wat treur, en blydschap te deel met die wat blydschap ervaar. Ons glo ons rol is om opreg te luister, oop vrae te vra en mekaar te ondersteun en aan te moedig. Ons is toegewyd om aktief aan hierdie leerervaring deel te neem.

II. WORD TEN VOLLE TEENWOORDIG

Begin hierdie week se groep deur die volgende gebed 'n paar keer saam te bid (een vir een hardop):

Here, U is ons Drie-enige God - U het my uniek gevorm en U het my geroep om 'n unieke bydra te maak in die gemeenskappe waar ek leef. Help my om te dien.

Na die hardop gebed, vra elke groepslid om die vrae van laasweek se oefening te bedink. Wat is my lewensboodskap? Waarin is ek goed of begaafd? Waar maak ek 'n positiewe impak in ander mense se lewens?

III. ONS LUISTER NA MEKAAR

Waaroor komplimenteer mense jou gewoonlik? As jy enige talent in die wêreld kon kry, wat sou jy kies? Wat is die laaste legkaart wat jy gebou het? Watter legkaartstukke is jou gunsteling stukke? Waaroor voel jy passievol? Hoe hanteer jy dit as mense jou komplimenteer?

IV. ONS KYK TERUG

Wat was jou belewenis met die sirkels oefening? Hoe het dit gevoel om die mense naby jou die drie vrae te vra? Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar? Wat was vir jou moeilik?

OEFENING VAN DIE WEEK:

In hierdie week gaan jy weer 6 geleenthede kry om tyd met God te spandeer. Jy gaan jou lewensverhaal tot op hede oordink. Elke dag se Skrif refleksie en vrae gaan jou help om hierdie storie te skryf.

V. Die fasiliteerder lees die skrifgedeelte en aanhaling hardop, laat 'n rukkie stilte toe na die voorlesing. Vra iemand anders om na die stilte die teks en aanhaling weer te lees. Breek dan die groep op in pare om te wandel in die Woord. Na 6 minute deel die groep wat hulle by hul vriendelike vreemdeling gehoor het in die groot groep.

VI. Die fasiliteerder lees die stel vrae hardop en elke groepslid kies dan op watter een van die vrae hy/sy wil reageer. Die groep oefen om na mekaar te luister. [Onthou om HOW WE GATHER MATTERS] toe te pas

VII. Die fasiliteerder lees weer die stel vrae hardop en elke groepslid kies dan op **watter een van die vrae** hy/sy wil reageer. Vra die groep om notas te maak oor hul mede groepslede se antwoorde sodat hul ondersteuning in die week kan gee.

VIII. Die fasiliteerder verduidelik die Oefening bo aan die bladsy. Daarna sluit ons af met die seën oefening en gebed. Volgende week se ontmoeting gaan iewers in jul gemeenskap plaasvind. Die fasiliteerder sal vroegtydig inligting deurgee.

V. ONS LEES EN LUISTER SAAM (Wandel in die Woord)

Skrifgedeelte: 1 Petrus 4:10-11

God uses our personality, gifts, passions, hobbies, temperaments, experiences and talents, and mixes all of it into a beautiful life-giving puzzle piece. As our pieces intermingle, shalom comes to the world. Tom Smith, Raw spirituality

Watter gedeelte(s) staan vir jou uit? Watter gedeelte bemoedig jou? Watter gedeelte ontstel jou? Watter vrae het jy oor hierdie gedeelte?

VI. RITME VRAE

Hoe sou jy die genadegawe (geskenk) beskryf wat jy ontvang het? Hoe sou jy jou roeping beskryf (onthou dit is nie net dominees en sendelinge wat geroep is nie)? Hoe dien jy tans in jou gemeenskap en gemeente? "When I run I feel God's pleasure" was Eric Liddell se getuigenis oor sy vermoë om te hardloop, vul hierdie in "When I _____ I feel God's pleasure". Watter gawe steek jy tans weg of verwaarlos jy?

VII. ONS KYK VORENTOE

Wat het uitgestaan vir jou van die gesprek? Het jy tot enige ander insig gekom? Is daar enige ondersteuning wat jy benodig van die ander groepslede?

VIII. OEFENING EN SEËN GEBED

In hierdie sessie gaan ons mekaar se unieke bydra erken. Gee geleentheid in die groep om elke persoon op die volgende manier te eer. Gee geleentheid vir elke persoon om die volgende seën van groepslede te ontvang. _____ (naam van die persoon) jou unieke bydra tot my lewe is _____ en ek is dankbaar daarvoor. Bv. *Marinus* jou unieke bydra tot my lewe is *jou dienende luistervermoë* en ek is dankbaar daarvoor. [As die groep te groot is deel in 3's op]. Bid dan as groep die volgende seën saam:

Here, U het in U kreatiewe genade elkeen van ons as unieke geskenke gevorm. Leer ons om te dien, as geskenke uit U hand, tot U eer. Amen.